

## INLIGTING

LIGGING  
1. Malmesbury;  
2. Moorreesburg en  
3. Riversdal;  
Wes-Kaap

# Wes-Kaapse boere wen met Hardy se proewe

Dr. Mark Hardy is een van die Wes-Kaap se voorste navorsers en iemand wat byna eiehandig saai-boere se koppe weg van onvolhoubare monokultuurproduksie geswaai het. Hardy het onlangs afgetree, maar die belangrike lesse uit sy navorsing sal boere nog lank uit die rooi hou.



**REGS:** Kanola en gars in een van dr. Mark Hardy se proewe in die Suid-Kaap.

'As navorsers moet jy wetenskaplik te werk gaan en seker maak jy toets en doen wat jy veronderstel is om te doen. Anders beteken jou werk niks nie.'

## KORTOM

- As weidingkundige het Mark Hardy 'n plato bereik en hom daarna op volhoubare wisselbouproduksie van graan in die Wes-Kaap toegespits.
- Die stelsel het gehelp om die koolstofvlakke in die grond te verhoog en koringopbrengste te verbeter.
- Lupiene en kanola kan produksiekoste in die bekruk. 'n Plaas met meer as die helfte koring is dikwels minder winsgewend as een met minder as 50% koring.

Met die beperkte inligting tot hul beskikking was Wes-Kaapse graanboere baie lank in die donker oor wisselbou.

Dit het egter in 1997 verander toe dr. Mark Hardy as spesialis-wetenskaplike by die provinsiale departement van landbou aangestel is.

Sy aanvanklike opdrag was om wisselbouproewe op die proefplaas Langgewens in die Swartland te bestuur. Hy was sō suksesvol met dié taak dat die Proteïennavorsingstigting en Wintergraantrust hom in 2001 gevra het om sy navorsing na die Suid-Kaap uit te brei. Daar het hy langrotasie-wisselbouproewe op boere se plase en 'n kortrotasieproef op die Tygerhoek-proefplaas van stapel gestuur.

Hardy het onlangs afgetree, maar vir menige boer sal hy die man bly wat die lig oor wisselbou vir hulle laat opgaan het.

Die produksie van koring op 'n jaargrondslag op dieselfde land het al talle saai-boere in 'n finansiële penarie gedompel. Mnr. Cobus Bester, 'n saai-boer van Moorreesburg in die Swartland, vertel die groot probleem het ontstaan toe bemarkingsrade afgeskaf is. "Probleme met onkruid en siektes, soos vrot-pootjie en oogvlek, het al erger geword, maar daar was nie 'n aansporingsmaatreël vir boere om te verander nie omdat die Regering se vasgestelde prys vir koring die produksiekoste in ag geneem het. Boere is egter gedwing om te verander toe hulle in 1996 aan die vrye mark blootgestel is en die Regering nie meer

'n buffer tussen hulle en die mark gevorm het nie."

Mnr. Fanie Joubert, een van die eerste boere wat op sy plaas naby Riversdal in die Suid-Kaap met wisselbou begin het, sê hy het nie 'n keuse gehad nie. Hy moes verander, want grondgesondheid het agteruitgegaan, oeste het kleiner geword en onkruidprobleme het toegeneem, veral nadat hy met minimumbewerking op koringmonokultuur begin het.

Mnr. Dirk Lesch, wat net buite Malmesbury in die Swartland wisselbou toepas, beaam dit: "Daar is 'n ou wat al vir 30 jaar konvensioneel monokultuurproduksie net buite Malmesbury toepas. Ek sou weens raai-gras bankrot gewees het as ek dit gedoen het."

## 'N MENSE-MENS

Hardy se navorsing het nie stof in vaktyskrifte vergader nie. Hy het seker gemaak dat sy navorsing in ooreenstemming was met boere se behoeftes en dat resultate aan boere bekend gemaak word. Bester en Joubert meen boere is duisende rande se skoolgeld gespaar danksy sy span se navorsing.

Me. Annelene Swanepoel, wetenskapsbestuurder by die Instituut van Plantproduksie by die Wes-Kaapse departement van landbou, meen Hardy se goeie menseverhoudings is verantwoordelik vir sy sukses met die oordrag van tegnologie aan boere. "Hardy was bereid om by en saam met boere te leer. Hy het met hulle gekommunikeer op 'n vlak wat vir hulle aanvaarbaar was en almal se opinies is ingewin voor hy navorsingsbesluite gemaak het.


"Hoewel hy 'n groot spanspeler is en 'n formida-



**BO:** Mnr. Dirk Lesch van die plaas Elim net buite Malmesbury by sy Nguni-beeste. Hy sê daar is 'n man wat al vir 30 jaar konvensioneel monokultuurproduksie buite Malmesbury toepas. Lesch meen hy sou as gevolg van die raagras bankrot gewees het as hy dít gedoen het.

**BO REGS:** Weidingsgewasse, soos medics, is ideaal in wisselboustelsels in die Swartland.

**REGS:** Koringproduksie in die Swartland en Suid-Kaap is winsgewender in 'n wisselboustelsel as wanneer dit in 'n monokultuurstelsel verbou word.



Dr. Mark Hardy en sy vrou, Violet, by die glansgeleentheid in 2008 waar hy as Graan SA se wetenskaplike van die jaar aangewys is. (*Landbouweekblad*-argief)

**LBW VRA ...**

## MARK HARDY

### WAT SIEN JY AS HOOGTEPUNTE IN JOU LOOPBAAN?

Die wonderlike ontvangs wat ek van die boerderygemeenskap in die Wes-Kaap gekry het. Ek het 'n baie lekker werk gehad met baie goeie tye.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY NOG GEKRY HET?

Sjoe, daar is soveel... miskien dat jy goed van die begin af reg moet doen. Dit is veral belangrik as jy navorsing doen. Jy moet deeglik en akkuraat wees.

### WAT DOEN JY NOUDAT JY AFGETREE IS?

Ek is steeds nou betrokke by die landbou - help om landbouwetenskapsartikels te proeflees en te skryf en gee deelydys klas by die Universiteit Stellenbosch. Verder hou ek van die buitelewe en het nou lekker tyd vir stap.

bele span rondom hom in die departement gebou het, het hy sedert 1998 man-alleen ons stelselnavorsing opgebou, na die boere geneem en ons stelsel 'op die map geplaas'."

## VAN WEIDING TOT KORING

Die ironie is dat Hardy nie veel van koring geweet het toe hy by Langgewens aangestel is nie. Hy het sy loopbaan as bosbouwer by die Drakensberge in KwaZulu-Natal begin en later 'n graad in weidingbestuur aan die Universiteit van Natal voltooi. 'n meesters- en doktorsgraad later en hy was een van die mees gerekende weidingkundiges in die land.

"Ek het 'n plato as weidingsnavorsers bereik. Ek was dus lus vir 'n nuwe uitdaging," vertel hy.

Hardy het steeds by weidingsnavorsing betrokke gebly en in 2006 en 2007 selfs as voorsitter van die Weidingsvereniging van Suider-Afrika gediens.

Hy het vinnig vir homself 'n naam in die graanbedryf gemaak en is onder meer as Graan SA se Wetenskaplike van die Jaar (2008) en die Wes-Kaapse Landboukundige van die Jaar (2007) aangewys.

## WAT DIE BOERE GELEER HET

Bester sê ongeveer 80% van wat hulle op hul plaas doen, is gegrond op proewe wat Hardy op Langgewens gedoen het. "Vandag volg ons 'n stelsel waarvolgens 50% van die land vir twee jaar onder medics is en 50% onder koring. Dit het ons gehelp om die koringprysrisiko en ons kwesbaarheid vir droogtes te verminder en ook om die ontwikkeling

van onkruidweerstand te voorkom."

Vir Joubert het Hardy se proewe bevestig dat hy op die regte pad was met sy wisselboubesluite. Sy stelsel bestaan uit 'n saaijtydperk met een jaar elk van koring, gars, lupiene, kanola en hawer, gevolg deur 'n vyfjaar-weidingstydperk met lusern. "Die stelsel het gehelp om die koolstofvlakke in ons grond te verhoog en koringopbrengste te verbeter."

Hardy se navorsing het ook gewys Joubert kan minder saad per hektaar plant: "Ons het gevind dat ons met 30 kg minder saad per hektaar net soveel koring produseer as met 70 kg/ha," sê Joubert.

## VOORDELE EN PROBLEME

Daar het talle ander navorsingsaksies uit Hardy se proewe gespruit - van kultivarproewe tot navorsing oor grondgesondheid en grondoordraagbare siektes, stikstof, mineralisasie en onkruidbestryding. Die feit dat dit op plase gedoen word, maak ook die resultate geloofwaardig onder boere.

Dit is langtermynnavorsing, wat beteken dat daar goeie data is waarmee resultate vergelyk kan word. Finansiering vir navorsing hou egter 'n groot bedreiging in, aangesien projekte gewoonlik net vir twee jaar tot drie jaar gefinansier word. Dít bemoeilik langtermynbeplanning, volgens Hardy.

Navorsing moet ook reg bestuur word om te verseker dat dit tersaaklik bly. "As navorsing moet jy wetenskaplik te werk gaan en seker maak jy toets en doen wat jy veronderstel is om te doen. Anders beteken jou werk niks nie."

Boere is egter gedwing om te verander toe hulle in 1996 aan die vrye mark blootgestel is en die Regering nie meer 'n buffer tussen hulle en die mark gevorm het nie.



**BO LINKS:** Mnr. Cobus Bester, 'n saaihoer van Moorreesburg in die Swartland, sê Hardy se proewe het hulle gehelp om beter by die vrye mark aan te pas.

**BO REGS:** Mnr. Fanie Joubert van die plaas Uitkyk naby Riversdal meen Hardy se navorsing het hom gewys dat hy op die regte pad is met sy wisselbousluite.



Me. Annelene Swanepoel, wetenskapsbestuurder by die Instituut van Plantproduksie by die Wes-Kaapse departement

van landbou, meen Hardy se goeie menseverhoudings was 'n sleutel tot sy sukses met die oordrag van tegniese kennis.

**LESSE**

**BELANGRIKSTE FEITE UIT PROEWE**

Hardy meen die volgende is die belangrikste lesse van sy proewe:

- Wisselboustelsels wat peulgewasweidings en koring en/of koring, kanola en lupiene insluit, is meer volhoubaar as 'n koring-monokultuurstelsel. Koring wat ná medics of kanola geplant is, het geleidelik tot 'n verhoging van onderskeidelik 35% en 25% in koringproduksie bo koring wat ná koring geplant is.
- Boere kan die uitwerking van droogtes en markskommeling buffer deur meer as een gewas te plant. Een van Hardy se proewe het

gewys dat die insluiting van diereproduksie en 'n weidingstelsel in rotasiestelsels 'n groot rol in die ekonomiese volhoubaarheid van boerderye in die Swartland speel.

- Hoewel daar ongunstige konnotasies aan lupiene en kanola is as gevolg van hoë produksiekoste en klein oeste, kan hierdie gewasse produksiekoste help afbring. Hardy meen 'n plaas waar meer as 50% van die lande onder koring is, is minder winsgewend as 'n plaas waar minder as 50% onder koring is. Saam met bewaringsboerdery, waar stoppels op die lande gehou word, kan

alternatiewe gewasse, soos kanola, lupiene en medics, help om plaas en onkruid te bestry, die koolstofinhoud van lande te verhoog, grondgesondheid te verbeter en met vog te bewaar.


- Nóg meer navorsing moet op dié gebied gedoen word om die optimale produksie van die gewasse te bewerkstellig.
- Hoe minder die grond versteur word, hoe beter. Die lang weidingsfase van vyf jaar tot ses jaar op lusern in die Suid-Kaap is een van die groot redes hoekom die grondkoolstofvlakke in die streek so hoog is. **LBW**

**JHB TRACTOR SPARES**

DESKUNDIGES OP DIE GEBIED VAN VERVANGINGSONDERDELE VIR  
**FIAT/FORD/NEW HOLLAND**

Tel: (011) 615-6421 / 677-2100 • Faks: (011) 622-4311 / 616-5144

E-Pos [jhbrac@icon.co.za](mailto:jhbrac@icon.co.za)  
[www.jhbtractorspares.co.za](http://www.jhbtractorspares.co.za)



Daviesweg 32  
Malvern-Oos, Germiston  
Posbus 40051  
Cleveland, JHB  
2022  
Suid Afrika



Diens aan boere vir meer as 40 jaar

Kante, skuifdeure,  
planne en isolasie  
beskikbaar. Asook  
toebou

Sel: 082 551 9556  
of 082 782 1000  
Faks: 086 650 1537  
[nico@metzi.co.za](mailto:nico@metzi.co.za)

**METZI**

**Bou- & Staalkonstruksie**


|                                | Konstruksie met dak | Fondasie & Vloer | Fondasie, vloer & 4m muur |
|--------------------------------|---------------------|------------------|---------------------------|
| 9 x 18 x 4m 162m <sup>2</sup>  | R 58 500            | R 79 800         | R 163 400                 |
| 9 x 36 x 4m 324m <sup>2</sup>  | R 116 900           | R 147 300        | R 286 000                 |
| 12 x 18 x 4m 216m <sup>2</sup> | R 77 900            | R 98 800         | R 191 900                 |
| 12 x 36 x 4m 432m <sup>2</sup> | R 155 800           | R 185 300        | R 333 500                 |
| 15 x 18 x 4m 270m <sup>2</sup> | R 97 500            | R 118 800        | R 220 400                 |
| 15 x 36 x 4m 540m <sup>2</sup> | R 195 400           | R 220 400        | R 378 100                 |
| 18 x 36 x 4m 648m <sup>2</sup> | R 233 700           | R 256 500        | R 424 700                 |

*Pryse sluit oprigting, BTW en huur van kraan in*

*Verwysings in alle gebiede, landwyd*

**OORSPRONKLIEKE A-Raam huis  
nou met UITSIG BALKON**

\*R169 900,00  
(BTW-Uitgesluit)



Huis Struktuur  
- 210m<sup>2</sup> -

**SOFS STEEL FRAMES**

GEBOUE | FABRIEKE EN PAKHUISE | ONTWERP EN KONSTRUKSIE



**Huis struktuur sluit in:**

- Staalraam
- Chromadeck Dakplate & isolasie
- 2 Dakvensters
- Houttrap voorsien
- Boonste Houtvloer en Balkon
- Plan en Ingenieursertifikaat (Alle bouwerk uitgesluit)

**Fabrieke en Pakhuise  
landwyd opgerig**

*Verskillende groottes beskikbaar!*

*\*Pryse kan verander sonder kennisgewing*

Tel: 011 675 7491 | Faks: 086 610 4461 | Skakel Pieter 082 497 4247 | [info@aframe.co.za](mailto:info@aframe.co.za) | [www.aframe.co.za](http://www.aframe.co.za)

**SINKDAMME  
MET VOERINGS**

**ONS  
LEWER AF  
EN  
INSTALLEER  
U DAM**

**DIENSKAPPE** van die VOERING:

- Dra 'n 12-jaar skriftelike waarborg
- Is 850 mikro dik, sag en soepel en laswerk word gedoen d.m.v. 'n hoë-frekwensie-sweisproses.

**VOORDELE:**

- Goedkoop - geen bouwerk of sementvloer nodig nie.
- Dam is ten volle verskuifbaar.
- Vinnig en maklik om op te rig.

**FLEXI LININGS**

Tel. 011 334 7492  
of 018 290 9340